GO NEWS.



# WOORD VAN De Wet

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

Met die aanbreek van hierdie nuwe seisoen herinner die winter ons daaraan dat verandering deel is van die lewe. Soms voel ons omstandighede koud en ongenaakbaar — soos die ryp wat die aarde bedek. Maar ons dien 'n God wat ons nie laat vasval in ons storms nie. Hy is die Een wat ons oprig, die stof van ons afvee en ons met nuwe krag help voortbeweeg.

Wanneer die winde waai en die dae donker raak, is dit juis dan wanneer ons dieper moet vertrou. God laat ons nie alleen in ons swaarkry nie. Hy is die Meester wat ons bo ons uitdagings lig — soos 'n arend wat op die wind sweef, selfs al is die lug onstuimig. Psalm 91:4 herinner ons:

**"Hy sal jou beskut met sy vlerke; onder sy vlerke sal jy skuil. Sy trou is 'n skild en 'n wapen."**

Mag hierdie winterseisoen vir elkeen van ons 'n tyd van vernuwing en versterking wees, want God se krag woon in ons. Laat ons onthou: ons omstandighede definieer ons nie — God se genade doen. Kom ons staan vas in geloof, met die wete dat Hy ons lei, ons dra, en ons 'n pad vooruit wys.

In 'n wêreld wat dikwels hard en onseker voel, bly God se genade oneindig groot — veral vir dié wat voel hulle het niemand nie.

Psalm 68:6 bring hierdie hoopvolle waarheid:
**"God gee 'n huis aan dié wat eens alleen was..."**
Dis 'n belofte. Troos vir die weeskinders. Bewys dat niemand ooit regtig alleen is nie.

Tydens die Kinder- en Jeugsorgsentrum se Meesterstuk 4-konserte op 16 en 17 Mei 2025 het ons nie net musiek en vreugde gedeel nie, maar ook 'n kragtige getuienis van God se sorg vir Sy kinders. Hy is die Vader vir dié sonder vaders, die Beskermer van die weerloses. Sy genade is soos 'n rivier — onophoudelik en lewensgewend.

Mag elke kind in ons sorg weet: God sien jou. Hy hoor jou. Hy ken jou. Hy is dáár — gereed om jou op te hef. Wat 'n voorreg om net 'n klein bietjie van hierdie liefde en genade met hulle te deel. Ons gebed is dat hulle elke dag sal onthou:

**Hulle is gekoester in die arms van 'n liefdevolle God.**

ONS GESELS MET

# SUSTER LEONIE REYNDERS



Ons gesels hierdie maand met Suster Leonie Reynders wat op 2 Junie 2025 as nuwe Verpleegdiensbestuurder by Engo Ons Tuiste Versorgingseenheid in Bloemfontein aangestel is.

**VERTEL ONS ASSEBLIEF 'N BIETJIE MEER VAN JOUSELF EN JOU GESINSLEWE.**

Alles wat ons is en bereik het, is net genade.

Ek het die voorreg gehad om my skoolloopbaan aan Girls' High School in Queenstown te voltooi. Sport was vir my die absolute hoogtepunt. Daarna het ek Verpleegkunde in Gqeberha, (Port Elizabeth), studeer en later 'n gevorderde graad in Verpleegkunde aan die Universiteit van die Vrystaat behaal.

Ek is diep dankbaar om met Leon — my lewensmaat en steunpilaar — getroud te wees. Ons gesin is 'n ware seën: drie liefdevolle kinders, almal getroud, en sewe pragtige kleinkinders wat ons harte met vreugde vul. Ek is oneindig dankbaar dat my geliefde "Mommy" steeds by ons is.

**WAT HET JOU GEÏNSPIREER OM 'N LOOPBAAN IN VERPLEEGKUNDE TE VOLG, EN SPESIFIEK IN OUER PERSONE SE SORG?**

Soos baie jong matrikulante was ek aanvanklik onseker oor my beroepskeuse. Ná baie navorsing het dit duidelik geword dat gemeenskapsbetrokkenheid my grootste belangstelling wek. In Verpleegkunde kry 'n mens die geleentheid om in verskeie rigtings te werk en te studeer, met eindelose moontlikhede vir groei en ontwikkeling.

Jou voorkeure oor waar jy jouself wil vestig, verander met tyd, opleiding en ondervinding. Om elke persoon as 'n unieke individu te beskou en te behandel, ongeag ouderdom, etniese afkoms, taal of agtergrond, is vir my van kardinale belang.

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om nou hierdie roeping te leef deur daartoe by te dra dat ons ouer inwoners se lewenskwaliteit verbeter, in die huislike omgewing van Ons Tuiste.

**JY HET OP 2 JUNIE 2025 AS VERPLEEGDIENSBESTUURDER BY ONS TUISTE IN BLOEMFONTEIN BEGIN – WAT IS JOU DOELWITTE VIR HIERDIE NUWE ROL BY ONS TUISTE?**

Ek is baie opgewonde oor wat ek tot dusver gesien het en oor hoe goed gevestig die beleide en verhoudinge hier is.

Ek sien daarna uit om daarop voort te bou en dit verder te versterk. Ek wil graag my plig nakom as deel van die bestuurspan, die multidissiplinêre span, die verpleegdiensleiers, alle uitgekontrakteerde dienste en ander belanghebbendes — met die doel om die gehalte van sorg vir ons inwoners tot die hoogste standaard te bevorder en te handhaaf.

Met goeie kommunikasievaardighede, organisatoriese vermoë en toepaslike bestuursbeginsels, is dit my doel om te fokus op die voortdurende verbetering van dienste aan ons inwoners. My strewe is dat elke inwoner nie net versorg moet voel nie, maar werklik tuis sal wees — want Ons Tuiste is nie bloot 'n plek nie, dit is 'n gemeenskap van sorg en warmte.

**VERTEL ONS VAN JOU VORIGE WERKS- EN BESTUURSERVARING. HOE DINK JY GAAN DIT JOU HELP IN HIERDIE NUWE POSISIE?**

Ek het vir 'n geruime tyd in Primêre Gesondheidsorg gewerk – by mobiele klinieke en vaste staatsklinieke – waar ek die waarde van toeganklike sorg eerstehands beleef het. Dit was vir my 'n eer om as Operasionele Verpleegdiensbestuurder te dien, beide in 'n Primêre Gesondheidsorgkliniek en in 'n algemene saal van 'n staatshospitaal in die Oos-Kaap.

## Wees op die uitkyk vir Suster Leonie se "Vinnige Skon"-resep aan die einde van die nuusbrief!

# ENGO SE MEESTERSTUK 4

## – BOER KRY SY VROU! BRING LAG EN LIEFDE NA DIE VERHOOG

As jy gedink het Boer Soek ’n Vrou is net vir die TV, dink weer – Engo se Meesterstuk 4: “Boer Kry Sy Vrou!” het dié bekende frase nie net as tema gehad nie, maar as lewende werklikheid op die verhoog laat uitspeel. Tussen lag, dans, skilderye en skok, het dié jaar se produksie ’n romantiese draai geneem wat selfs kykNET sou jaloers laat.

Die konsert wat by Leopards and Lace plaasgevind het, het reeds geskitter van opwinding toe die kinders van Engo se Jeugsorgsentrums hul talente ten toon gestel het teen ’n bekoorlike plaasstyl-dekor. Die verhoog was ’n fees van drama, musiek en humor – met kinders wat meer as net rolle gespeel het; hulle het stories geleef en harte aangeraak.

Niemand het egter verwag dat die slot-toneel meer as net ’n storie sou wees nie…

**“Tannie Marinique, sal jy met oom Schalk trou?”**

Soos ’n ware *plot twist* uit ’n romantiese komedie, klim die kêrel van vier jaar, Schalk Wentzel, onverwags op die verhoog en vra voor meer as 400 gaste, kinders en kollegas vir die geliefde organiseerder van die aand, Marinique du Plessis, om met hom te trou!

Ja, jy lees reg. ’n Maatskaplike werker in ’n trourok, (heel toevallig deel van die laaste toneel!), kry toe nie net applous nie, maar ook ’n verloofring. En die kinders? Hulle juig steeds! Volgens Marinique wil hulle nou al help met die troureëlings en sê hulle is gereed vir “Projek Troudag”.

Tussen die liefde op die verhoog en die energie op die dansvloer, was daar ook plek vir kuns. Die kinders se skilderye en handgemaakte houtbeeldjies is opgeveil ten bate van Engo se projekte wat insluit van speelrame tot mediese sorg. Baie dankie aan elke borg en vrywillerger wat hierdie aand moontlik gemaak het en weer ‘n substansiële bedrag help insamel het vir Engo se Jeugsorgsentrums.

En ja, Siyabonga Gans het weer uitgestaan! Dié jong kunstenaar, wat danksy Meesterstuk ’n beurs by St Andrew’s Skool in Bloemfontein ontvang het, het sy nuutste werke uitgestal. Met ‘n gemiddeld van 91% in graad 10, is hy ‘n top presteerder in sy graad. Sy toespraak het almal diep geraak: “Ek weet wat Meesterstuk in ’n kind se lewe kan doen – ek is ’n voorbeeld daarvan.”

Met ’n semi-formele atmosfeer, met drankies en ’n smaaklike aandete, het gaste hulself verlustig in ’n aand vol warmte, lag en ware gemeenskapsgees. En bo alles, het Meesterstuk 4 weer bewys: ’n verhoog is nie net vir optredes nie – dit is ’n platform vir genesing, groei én… verrassings van die romantiese soort.


**ENGO se Meesterstuk 4: Waar kinders hul drome leef en boere hul vrouens kry – met ’n verloofring as slotapplous.**




Siyabonga Gans






BOER KRY



# YS-EEND-SWEM

## VIR **WARM KINDERHARTE** OP WOENSDAG 23 JULIE 2025 BEPLAN

Die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein gaan 'n opwindende (en ysige!) geldinsamelingsprojek aanpak om Bloemfonteinse kinderharte warm te laat klop van liefde. Dit alles ten bate van Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums (daar is 33 in die Vrystaat).
'n Klompie brawe swemmers gaan 25 lengtes in ysige winter water aandurf. Die doel is om elke kind met R100 per lengte te borg. Dit is 'n totaal van R2 500 per swemmer! Artikel 18A sertifikate sal uitgereik word vir hierdie donasies.

Die volle opbrengs van fondse gaan aan Engo. Op Woensdag, 23 Julie 2025, sal die Engo kinders gaan kyk hoe swemmers vir hulle swem. Hulle gaan ook sommer lekker bederf word op die dag.

Die grootste behoefte waarvoor die fondse aangewend gaan word is:

- Terapeutiese dienste soos kostes verbonde aan sielkundiges en spelterapie vir erg getraumatiseerde kinders.
- Wintersklere, skoene en kospakkies wat kinders vakansies en naweke huis toe kan neem.
- Fondse vir kinders wat ná skool verder wil studeer.

Indien dit op jou hart druk om hierdie projek te ondersteun, maak gerus 'n donasie in die volgende Engo rekening:

Naam: Helpcor Trust
Bank: Absa
Reknommer: 405501 7256
Takkode: 633256
Verwysing: Yseendswem + u of u besigheid se naam




NB: Om die Artikel 18A-sertifikaat uit te reik, benodig Engo die naam, telefoonnommer en e-posadres van donateurs, asook bewys van betaling. Hierdie inligting kan aan Alda Fourie gestuur word by alda@xcellente.co.za

# ROOTED IN PARTNERSHIP

## MMS HOLDINGS **PLANTS TREE** AT ENGO FAMILY CARE'S OMGIE PARK AS PART OF ARBOR MEUS CAMPAIGN

As part of the global *Arbor Meus* campaign—Latin for "My Tree"—MMS Holdings South Africa planted a White Karee tree at Engo Family Care's Omgie Park in Bloemfontein to celebrate collaboration and sustainability.

This symbolic initiative invites MMS Holdings' clients to choose a tree that embodies the values at the heart of their partnership. The White Karee, selected by one such client, represents resilience and adaptability—qualities that reflect MMS Holdings' commitment to enduring, value-driven relationships.

Planted on behalf of the client, the tree stands as a meaningful tribute to this partnership and reaffirms MMS Holdings' ongoing support for Engo.











# ONS KINDER– EN JEUGSORGSENTRUM

## IN BLOEMFONTEIN WORD BEDERF DEUR STUDENTE VAN KOVSIE AGRI

Op Maandag, 5 Mei 2025, het Kovsie Agri-studente van die Universiteit van die Vrystaat 'n hartlike gebaar van omgee getoon teenoor die kinders van Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum.

Maatskaplike werkers, Monique Barnes en Denise Ackerman, het die groep verwelkom en na die 10 woonhuise begelei, waar elke kind 'n sagte teddiebeer en 'n paaseier ontvang het.

Met groot opgewondenheid het die kinders dié geskenke ontvang saam met die boodskap dat hulle geliefd is. Die studente se warmte en energie het duidelik 'n blywende indruk gemaak.

Ons sê dankie aan elke student wat deel was van hierdie daad van mededeelsaamheid — julle het hoop in ons kinders se harte geplant. Mag hierdie dag herinner dat elkeen 'n verskil kan maak en dat liefde altyd sy pad vind na waar dit nodig is.



# DIE EETLEPEL ETE

## BRING SAAMHORIGHEID BY ONS GRYSE JEUG IN SASOLBURG

Op Vrydag, 16 Mei 2025, was daar groot opwinding by die Sentrum.

Die geleentheid waarvoor almal lank gewag het – die gewilde Eetlepel Ete – het uiteindelik aangebreek. Met die hulp van elkeen is die tafels met sorg en styl versier.

Die verrassing van die aand? Jy kon net met 'n eetlepel opskep!

Maar dit het niemand gekeer om heerlik te smul aan die verskeidenheid bekende en geliefde geregte nie.

Die aand was 'n reuse sukses, gevul met lag, lekker kuier en natuurlik – vol magies en warm harte. Dankie aan elkeen wat hierdie projek ondersteun het.



# ANGY MC COLL HARDLOOP

## DIE COMRADES-MARATHON VIR VILJOENSKROON SE SENTRUM VIR BEJAARDES

Angy Mc Coll, (21), van Klerksdorp is 'n lid van *Turn to God Athletics Club* in Noordwes en neem vanjaar vir die tweede keer deel aan die Comrades-maraton – 'n uitdagende 89,98 km van Pietermaritzburg na Durban. Om haar motivering te versterk, hardloop sy vir 'n hoër doel: fondse vir die Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes. Wanneer die pad moeilik raak, put sy krag uit die wete dat sy hardloop vir ander – vir die inwoners van die sentrum en vir almal wat haar deur donasies ondersteun.

Vir Angy is die Comrades meer as net 'n sportgeleentheid; dit is 'n tyd van dankbaarheid en geloof. Haar deelname aan 'n liefdadigheidsprojek bring vir haar hoop, liefde en volharding.

Met 8 Junie 2025 om die draai, mik sy om R20 000 in te samel. 'n Minimum donasie van R90 word aangemoedig – simbolies vir die 90 km wat sy aandurf. Elke bydrae word met dankbaarheid ontvang. Angy neem elke ondersteuner in gees saam op hierdie roete van uithouvermoë.




# EXCITING DONATION

## FOR OUR CHILD AND YOUTH CARE CENTRE IN BLOEMFONTEIN

On Tuesday, 13 May 2025, Our Child and Youth Care Centre was deeply blessed by a generous donation from the owners of Engen Bloem 1 Stop, Billy Bleeker and Khwezi Mazibuko.

In an inspiring act of kindness, they provided brand-new urns for every housing unit — each with a 16-litre capacity — as well as a large 36-litre urn for our newly established training centre.

This thoughtful gesture marks a significant improvement in our day-to-day operations. Previously, we relied on standard household kettles, which were insufficient for the needs of our large household's needs. The new urns will allow us to prepare hot water more efficiently, meeting both hydration and cooking needs for our children and staff. Our Child and Youth Care Workers are overjoyed by this upgrade. They are already seeing how this practical equipment will streamline daily routines and enhance comfort across the Centre.

We extend our heartfelt thanks to Engen Bloem 1 Stop for their ongoing support and commitment to our mission. Their generosity reminds us of the power of community partnerships and the impact they can have.

Together with caring partners like Engen Bloem 1 Stop, we continue to build a nurturing, supportive space where children and youth can thrive.





# SENTRUM VIR BEJAARDES

## IN BLOEMFONTEIN ONDERSTEUN DIE VELDTOG

Die *Go Turquoise for the Elderly Campaign* is 'n bewusmakingsveldtog om die publiek meer in te lig oor Bejaardes en die stryd wat hulle voer ten opsigte van mishandeling en soms ook die mishandeling deur hulle eie mense/familie/kinders. Soms nie fisiese mishandeling nie, maar bloot net die feit dat bejaardes by 'n versorgingseenheid afgelaai word en nie weer van hulle kinders hoor nie.



Die Sentrum vir Bejaardes wil deur hierdie veldtog, waar die bome in Van Heerdenweg met Turkoois-lappe oorgetrek is, die publiek bewus maak van Bejaardes se menswaardigheid. Die personeel van die Sentrum vir Bejaardes ondersteun ook die bewusmakingsveldtog deurdat hulle Turkoois-strikkies dra. Die bewusmakingsveldtog strek vanaf 15 Mei tot 15 Junie 2025. Dit is juis omdat hulle bejaard is, dat hulle meer liefde, sorg en beskerming nodig het. Hier by die Bloemfontein Sentrum vir Bejaardes is dit ons strewe!

# ENGO GESINSORG, VRYSTAAT VERSORGING IN AKSIE EN CHILDLINE VRYSTAAT

## STAP SAAM VIR KINDERBESKERMINGSWEEK-BEWUSMAKINGSVELDTOG

Op Saterdag, 31 Mei 2025, het Engo Gesinsorg in Bloemfontein, saam met Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) en Childline Free State, hande gevat tydens 'n spesiale Kinderbeskermingsweek-bewusmakingsveldtog. Die publiek is genooi om saam te stap by Villa Avianto – en die gemeenskap het in hulle getalle opgedaag!

Kinderbeskermingsweek, wat van 29 Mei tot 5 Junie 2025 plaasgevind het, is 'n belangrike tyd in Suid-Afrika om bewusmaking te skep rondom kinders se regte en die voorkoming van mishandeling en verwaarlosing. Die stap het nie net mense bymekaar gebring nie, maar ook kosbare donasies van nie-bederfbare voedsel en toiletware is ingesamel.

Statistieke wat onlangs deur die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling van Suid-Afrika, mev Sisisi Tolashe, bekend gemaak is, toon dat daar in die 2024/2025-jaar 26 852 gevalle van kindermishandeling en verwaarlosing aangemeld is – met seksuele mishandeling, doelbewuste verwaarlosing en fisiese mishandeling as die mees algemene oortredings.

Deelnemers aan die stap het ook gratis toegang tot die Wellness Expo geniet. Ons sê dankie aan elkeen wat betrokke was – jou teenwoordigheid het 'n verskil gemaak!








# ENGO HAPPY FEET PROJEK

## VIR VIERDE JAAR AANGEBIED

Dis weer tyd vir die *Happy Feet* projek, wat vanjaar vir die vierde jaar deur Engo Vrystaat aangebied word. Die projek se doel is om elke jaar vir ons kinders in Jeugsorgsentrums, asook pleegsorg kinders en behoeftige ouer persone, nuwe of goeie tweedehandse skoene in te samel.

**Die projek skop op 2 Junie af en sluit op 31 Julie 2025.**

Tans is daar 2 315 kinders in pleegsorg en 886 kinders is woonagtig in 33 Kinder- en Jeugsorgsentrums van Engo. Daar is 2 894 ouer persone wat in 20 Bejaardesorgsentrums regoor die Vrystaat woon en versorg word. Enige skoene is welkom, van skool- en sportskoene, pantoffels, tekkies, sandale, winterskoene en kerkskoene tot plakkies.

Skole, besighede, kerke of enige individue word versoek om 'n Jeugsorgsentrum of Bejaardesorgsentrum in jou area te kies.

Indien jy belangstel om betrokke te raak, kontak gerus vir Frances Grobler by info@engo.co.za of Alda Fourie (082 991 0488 / alda@xcellente.co.za) vir meer inligting. Jy is ook welkom om 'n finansiële bydrae te maak vir die projek.

Die bankbesonderhede vir inbetalings vir die *Happy Feet* Projek is as volg:
Naam: Helpcor Trust
Bank: Absa
Reknommer: 4055017256
Takkode: 633256
Verwysing: HAPPY FEET

Dit is noodsaaklik om dan die bewys van betaling te stuur na info@engo.co.za vir allokasie van fondse aan die projek.

Vir meer inligting oor Engo en inligting oor die Engo program in jou area, besoek gerus die webblad by www.engo.co.za



# SENEKAL JEUGSORGSENTRUM GHOLFDAG

## ‘N DAG WAT **DROME** WAAR MAAK

Die vierde jaarlikse Senekal Jeugsorgsentrum Gholfdag het onlangs by Silver Lakes in Pretoria plaasgevind – ’n inisiatief van Giel en Evandré Bekker, oud-inwoners van Senekal. Ná ’n besoek aan hul geboortedorp het hulle die Bright Future Fund gestig om kinders met potensiaal, maar sonder finansiële ondersteuning, ná skool te help studeer.

Die eerste twee gholfdae se fondse het een kind van die Senekal Jeugsorgsentrum ondersteun, wat haar opleiding suksesvol voltooi het. Van verlede jaar af is die fonds oop vir enige geskikte kind uit Engo se Jeugsorgsentrums; die huidige begunstigde is ’n seun van Sasolburg Jeugsorgsentrum.




Verskeie personeellede en vrywilligers, waaronder Bekkie Janse van Rensburg, haar dogter Wilmarie en susterskind Ancke, het gehelp met tafelversierings, *goodie bags* en Engo se stalletjie waar Projek van Hoop-kaartjies verkoop is. Engo se Finansiële Direkteur, Coenie Taljaard, het ook die dag bygewoon.


We Buy Cars was die hoofborg en 120 gholfspelers het deelgeneem. Die dag is bygewoon deur sowat 150 gaste en is afgesluit met ’n ete en veiling.

’n Ware dag van hoop. Soli Deo Gloria – aan God al die eer.






# TOEGANKLIKHEID



## – ’N NOODSAAKLIKHEID VIR ELKE BEJAARDE

Dikwels dink mens hoe maklik alledaagse dinge is – om ’n kraan oop te maak, ’n beker vas te hou of rond te beweeg, maar in ‘n bejaarde ouma se skoene besef mens hoe uitdagend dit raak wanneer spiermassa en mobiliteit afneem. Selfs ’n eenvoudige taak soos tuinmaak raak moeilik.

Ons Tuiste se Arbeidsterapie Departement het onlangs gevra: “Hoe en wanneer kry ons bejaardes kans om aan tuinmaak deel te neem?”

Tradisionele tuinbeddings is laag en nie geskik vir rolstoel- of loopraamgebruikers nie. Tog is tuinmaak terapeuties – dit bring vreugde, doel en stimulasie vir die sintuie en bevorder sosialisering en herinneringe.



Die oplossing? Verhoogde tuinbeddings. Dié proefprojek maak tuinmaak toegankliker en gee inwoners eienaarskap oor hul eie plekkie in die tuin. Selfs bedgebonde inwoners geniet dit indirek – deur die kleure, reuke en vreugde wat dit aan ander bring.

Toeganklikheid gee nie net praktiese voordeel nie, maar versterk ook ’n gevoel van waardigheid en welstand.

# A BLESSING WITHOUT WORDS

## THE GIFT OF EXPRESSION PILLOWS AT OUR CHILD AND YOUTH CARE CENTRE

Last year, Christa Gouws asked how she could support Our Child and Youth Care Centre. An idea was shared on how to help our girls express their emotions: an expression pillow, showing a smiley face on one side and a sad face on the other, allowing them to signal how they felt.  Christa immediately committed to the project. She sourced inner pillows from the Oranje Kwiltersgilde, Marietjie van Rensburg embroidered the faces, and Christa and Helene Malritz made colourful, washable pillowcases.



Social worker, Denise Ackerman, guided the girls on how to use them, and staff have since noticed fewer morning conflicts, as children now have a gentle way to express their emotions. Thank you to everyone involved – your kindness brings hope and healing to every child in our care.



# SUSTER LEONIE SE "VINNIGE SKON"-RESEP

### BESTANDELE

- 2 koppies meelblom
- ½ Teelepel sout
- 4 Teelepels bakpoeier
- 2 – 3 Eetlepels botter
- 1 Eier
- Melk (net minder as ½ koppie)
- Koue water (net minder as ½ koppie)

### METODE

- Sif al die droë bestanddele saam in 'n mengbak.
- Vryf die botter daarby in totdat dit krummels vorm.
- Breek die eier in 'n koppie, klits goed met 'n vurk en vul dan die koppie aan met gelyke dele melk en water, (hou 'n klein bietjie van die vloeistofmengsel terug vir later).
- Meng die vloeistof met die droë bestanddele totdat dit 'n sagte deeg vorm.
- Rol die deeg uit, (hoe dikker, hoe lekkerder!).
- Gebruik 'n ronde voorwerp om sirkels uit te druk en skons te vorm.
- Verf die oorblywende vloeistofmengsel bo-op die skons om 'n mooi goue kleur tydens bak te verseker.
- Bak in 'n voorverhitte oond teen 180 °C vir ongeveer 10 minute.
- Breek die skon in die helfte en bedien warm met botter, konfyt en room.

# DATUMS OM TE ONTHOU

- 6 Junie 2025 – Magda Louw is in Vrede. Kom lag saam en ondersteun Vrede Jeugsorgsentrum se fondsinsameling
- 7 Junie 2025 – Franse Mark, Villa Avianto
- 15 Junie 2025 – Vadersdag
- 15 Junie 2025 – Lana Jacobs sing by Ons Gryse Jeug Bejaardesorgsentrum in Sasolburg
- 16 Junie 2025 – Lefika Pretdag in Kestell
- 16 Junie 2025 – Jeugdag

*If you missed our previous newsletters, please visit www.engo.co.za/nuusbrief*
*If you have any comments, concerns or compliments please send it to info@engo.co.za*

*"When we choose to trust the journey and embrace love and joy, we are free to fly."*
*— Annicken R. Day*